# Hoofstuk van die dag: Numeri 2

> *Die Israeliete moet kamp opslaan, elkeen by sy vaandel, by sy familieteken. Hulle moet die kamp rondom die tent van ontmoeting opslaan, so ’n entjie daarvandaan. (vers 2)*

Die Israelitiese kamp is met groot presisie opgeslaan in die

vorm van ’n vierkant. Aan elke sy van die vierkant is drie stamme geplaas, en in die middel van die vierkant was die tent van ontmoeting, die simbool van God se teenwoordigheid onder sy volk. In dié vierkant het die priesters en Leviete hulle plek gehad.

Die stamme se posisie rondom die tent van ontmoeting was só dat Juda aan die oostekant was, teenoor die ingang van die tabernakel. Dit was die ereposisie (vgl Gen 49:8-12).

Ook as hulle kamp opgeslaan het en verder getrek het, het hulle dié formasie behou: die tent van ontmoeting in die middel van die volk, met die twaalf stamme daar rondom geposisioneer om die tent van ontmoeting te beskerm, maar ook om hulle oë daarop te rig. So het die Israeliete die Here as middelpunt van hulle kamplewe en hulle reis erken.

Vandag sê dit vir ons dat die Here, en ons diens aan Hom, in die middelpunt van ons lewe en gemeenskapslewe moet wees, en dat ons met die oë op Hom gerig moet leef.

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026